

Handelinge 5

Handelinge 5:1-42

1 Maar 'n sekere man met die naam van Ananías het saam met sy vrou Saffira 'n eiendom verkoop, 2 en ook met die medewete van sy vrou van die prys agtergehou en 'n sekere deel gebring en aan die voete van die apostels neergelê. 3 Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou? 4 As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.

5 En toe Ananías hierdie woorde hoor, het hy neergeval en gesterwe; en 'n groot vrees het gekom oor almal wat dit gehoor het. 6 Daarna het die jongmanne opgestaan en hom toegedraai en uitgedra en begrawe.

7 En ná verloop van omtrent drie uur kom sy vrou in sonder om te weet wat voorgeval het. 8 En Petrus het haar aangespreek: Sê vir my of julle die grond vir soveel verkoop het?

En sy sê: Ja, vir soveel.

9 En Petrus sê vir haar: Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek? Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra.

10 Toe val sy onmiddellik aan sy voete neer en het gesterwe. En die jongmanne het ingekom en haar dood gevind en haar uitgedra en by haar man begrawe.

11 En 'n groot vrees het oor die hele gemeente gekom en oor almal wat dit gehoor het.

12 En deur die hande van die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind; en hulle was almal eendragtig saam in die pilaargang van Salomo.

13 En daar was niemand van die ander wat dit gewaag het om hom by hulle te voeg nie, maar die volk het hulle baie geëer. 14 En daar is meer en meer gelowiges in die Here bygevoeg, menigtes van manne sowel as vroue, 15 sodat hulle die siekes op die strate uitgedra en op bedde en draagbare gelê het, met die bedoeling dat, as Petrus kom, al was dit net sy skaduwee op iemand van hulle sou val. 16 En die

menigte van die stede in die omtrek het ook in Jerusalem bymekaargekom en siekes gebring en mense wat deur onreine geeste gekwel was; en hulle is almal genees.

17 En die hoëpriester het opgestaan en almal wat saam met hom was – dit is die party van die Sadduseërs – en hulle was met nydigheid vervul, 18 en hulle het die hande aan die apostels geslaan en hulle in die openbare gevangenis gesit. 19 Maar 'n engel van die Here het in die nag die deure van die gevangenis oopgemaak en hulle uitgelei en gesê: 20 Gaan heen, staan en vertel in die tempel aan die volk al die woorde van hierdie lewe.

21 En hulle het geluister en vroeg in die môre in die tempel gegaan en begin leer. Maar die hoëpriester en die wat saam met hom was, het gekom en die Raad en al die oudstes van die kinders van Israel bymekaareroep; en hulle het na die gevangenis gestuur om hulle te laat haal.

22 Maar toe die dienaars daar kom, het hulle hul nie in die gevangenis gekry nie; en hulle het omgedraai en berig gebring en gesê: 23 Die gevangenis het ons in alle sekerheid toegesluit gevind, en die wagte het buite gestaan voor die deure; maar toe ons oopmaak, kry ons niemand daarbinne nie.

24 En toe die hoëpriester en die hoofman van die tempel en die owerpriesters hierdie woorde hoor, was hulle daarmee verleë wat nou hiervan sou word. 25 En daar kom een en bring aan hulle berig en sê: Kyk, die manne wat julle in die gevangenis gesit het, staan in die tempel en leer die volk.

26 Daarop gaan die hoofman met die dienaars en bring hulle, maar nie met geweld nie, uit vrees vir die volk dat hulle gestenig sou word. 27 Hulle het hul dan gebring en voor die Raad gestel; en die hoëpriester het hulle gevra en gesê: 28 Het ons julle nie uitdruklik verbied om in dié Naam te leer nie? En kyk, julle het Jerusalem met julle leer vervul; en julle wil die bloed van hierdie Man op ons bring.

29 En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense. 30 Die God van ons vaders het Jesus opgewek, wat julle omgebring het deur Hom aan 'n kruishout te hang. 31 Hom het God as Leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk. 32 En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is.

33 Toe hulle dit hoor, was hulle woedend en wou hulle om die lewe bring. 34 Maar 'n Fariseër met die naam van Gamáliël, 'n leraar van die wet wat by die hele volk hoog in aansien was, het in die Raad opgestaan en bevel gegee dat hulle die apostels 'n bietjie buitentoe moes bring. 35 Toe sê hy vir hulle: Israeliete, pas op wat julle gaan doen met hierdie manne; 36 want nie lank gelede nie het Theudas opgestaan en gesê dat hy iets besonders was. By hom het 'n aantal mense – omtrent vier honderd – aangesluit. Hy is gedood, en almal wat na hom geluister het, is uitmekaargejaag en het tot niet geword. 37 En ná hom het Judas, die Galileër, opgestaan, in die dae van die inskrywing, en 'n aansienlike getal mense afvallig gemaak agter hom aan. Hy het ook omgekom, en almal wat na hom geluister het, is verstrooi. 38 En nou sê ek vir julle, bly af van hierdie manne en laat hulle staan; want as hierdie voorneme of hierdie werk uit mense is, sal dit vernietig word; 39 maar as dit uit God is, kan julle dit nie vernietig nie – dat dit nie miskien bevind word dat julle selfs teen God stry nie. 40 En hulle het na hom geluister. En nadat hulle die apostels ingeroep het, het hulle hul laat slaan en hulle bevel gegee om nie in die Naam van Jesus te spreek nie en hulle laat gaan. 41 Hulle het toe van die Raad af weggegaan, bly dat hulle waardig geag was om vir sy Naam oneer te ly. 42 En hulle het nie opgehou om elke dag in die tempel en van huis tot huis te leer nie, en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is.

1. Handeling 5:1-11 – Ananias en Saffira se bedrog en die gevolg daarvan
1 Maar 'n sekere man met die naam van Ananías het saam met sy vrou Saffira 'n eiendom verkoop, **2** en ook met die medewete van sy vrou van die prys agtergehou en 'n sekere deel gebring en aan die voete van die apostels neergelê. **3** Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou? **4** As dit nie verkoop was nie, het dit nie jou gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? **Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.**

5 En toe Ananías hierdie woorde hoor, het hy neergeval en gesterwe; en 'n groot vrees het gekom oor almal wat dit gehoor het. **6** Daarna het die jongmanne opgestaan en hom toegedraai en uitgedra en begrawe.

7 En ná verloop van omtrent drie uur kom sy vrou in sonder om te weet wat voorgeval het. 8 En Petrus het haar aangespreek: Sê vir my of julle die grond vir soveel verkoop het?

En sy sê: Ja, vir soveel.

9 En Petrus sê vir haar: Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek? Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra.

10 Toe val sy onmiddellik aan sy voete neer en het gesterwe. En die jongmanne het ingekom en haar dood gevind en haar uitgedra en by haar man begrawe.

11 En 'n groot vrees het oor die hele gemeente gekom en oor almal wat dit gehoor het.

1.1 Vrae by Handeling 5:1-11

- | |
|---|
| <ol style="list-style-type: none">1. Waarom het Ananias en Saffira die eiendom verkoop? (vers 1)2. Wat het Ananias en sy vrou met die opbrengs van die verkope gedoen? (vers 2)3. Wat wou hulle laat blyk deur net 'n deel na die apostels te bring? (vers 2) |
|---|

Lukas skryf die twee episodes – die een van Barnabas en van Ananias en sy vrou Saffira – so bymekaar omdat die twee episodes met mekaar verband hou. Dit het die gewoonte geword dat gelowiges van tyd tot tyd besittings of eiendom verkoop het, die opbrengs van die verkope na die apostels gebring het om uit te deel aan die wat in nood verkeer. Dit was immers vanweë die werking en vervulling van die Heilige Gees dat die gelowiges dit gedoen het (vgl. Hand 4:32-35).

Barnabas het die opbrengs van die stuk grond wat hy gehad het na die apostels gebring vir die doel om diegene wat in nood is te help. Onder die apostels was Barnabas geliefd gewees, want hulle het sy bynaam *Barnabas* aan hom gegee. Sy naam was eintlik Joses. Uit die beskrywing van Lukas in Handeling 4:36-37 blyk dit dat Barnabas geliefd was onder die apostels omdat hy in sy optrede so 'n groot wins was vir die gelowiges. Barnabas beteken seun van vertroosting.

Dit is moontlik – aangesien Lukas die twee episodes so bymekaar beskryf – dat Ananias en Saffira die afleiding gemaak het dat Barnabas geliefd was by die apostels omdat hy die opbrengs van die stuk grond na die apostels gebring het. Dit is asof hulle nie geweet het of raakgesien het dat Barnabas voor die bring van die geld al by die apostels geliefd was nie. Indien hulle dan gemeen het dat Barnabas geliefd was omdat hy die geld na die apostels gebring het, kry 'n mens die indruk dat hulle **ook geliefd wou wees** by die apostels. Daarom het hulle die eiendom verkoop om die geld aan die apostels te bring.

Wanneer 'n mens 'n regte ding om verkeerde redes doen, loop alles op die uiteinde heeltemal skeef. Ananias en Saffira wou deur hulle offer eintlik vir hulleself aansien en eer by die apostels inwin. Dit het vir hulle nie gegaan oor die verligting van die nood van hulle broers en susters nie. Aangesien dit vir hulle oor hulleself gegaan het, het hulle nie net om verkeerde redes die regte ding gedoen nie. Hulle het selfs die regte ding om te doen verdraai sodat dit 'n verkeerde ding geword het. Ananias het 'n deel van die opbrengs van die verkope **terug gehou**. Hy het dit met die medewete van sy vrou gedoen. Hulle het dus saam ooreengekom om die verkeerde ding te doen.

Die woord wat ons met *terughou* vertaal word net hier in Handeling 5 en in Titus 2:10 gebruik in die Nuwe Testament. In Titus 2 word ook vertaal met *steel*. Die enigste ander plek waar hierdie woord gebruik word, is in die Griekse vertaling van die Ou Testament – die Septuaginta – wanneer die verkeerde optrede van Agan in Josua 7 beskryf word. Agan het 'n deel van die bangoed van Jerigo wat aan die Here behoort vir homself gevat en in sy tent weggesteek.

Inderwaarheid het Ananias en Saffira dan ooreengekom om van die Here te steel. Maar in die oë van mense het hulle **voorgegee om vrygewig te wees** net soos wat Barnabas was. Trouens, Ananias se Hebreuse naam *Hananja* beteken *die HERE is vrygewig*. Wanneer 'n mens net Handeling 5 lees en hoor wat met Ananias en Saffira gebeur het, sal baie ongelowiges dit as verskriklik beskou. Ongelowiges sal sê: Dit wat hulle oorgekom het, is mos nie regverdig vir wat hulle gedoen het nie.

Maar wanneer 'n mens onthou wat met Agan gebeur het en besef dat Ananias en Saffira presies dieselfde ding as Agan gedoen het, sien 'n mens dat die Here altyd konsekwent bly in sy optrede teenoor mense.

4. Hoe het Petrus geweet van Ananias se bedrog? (vers 3)
5. Wat leer ons oor die hantering van sondes van medegelowies? (vers 3 en 4)
6. Wat bedoel Petrus met die eerste twee vrae in vers 4?
7. Wat leer ons in verband met die Heilige Gees? (vers 3 en 4)
8. Wat openbaar die Here in verband met die mens se verantwoordelikheid met sonde? (vers 3 en 4)

Na aanleiding van wat Lukas hier berig, kon Petrus op geen ander manier as **deur die Heilige Gees** self te wete gekom het van Ananias se bedrog nie. Ananias en Saffira het heimlik – sodat niemand anders sou weet nie – met mekaar ooreengekom om van die koopprys vir hulleself terug te hou. By alle ander mense – die hele gemeente sowel as die apostels – wou hulle die indruk skep dat hulle uiters vrygewig is deurdat hulle die hele koopsom van die eiendom aan die apostels gee. Daar was dus geen manier dat Petrus of enige van die ander apostels by 'n mens van Ananias se bedrog sou kon gehoor het nie.

Wanneer 'n gelowige iets verkeerd teenoor jouself gedoen het, moet jy met die persoon self gaan praat deur hom een kant alleen te vermaan. Dit is die weg wat Jesus ons leer in Matteus 18:15. Dus moet sondes wat heimlik gedoen is **heimlik vermaan** word. Die vermaning moet geskied, aangesien die gelowige met sy sonde die Here se Naam skade berokken. Die vermaning moet heimlik geskied, sodat die sondaar van onnodige verguising gespaar kan word.

Wanneer 'n gelowige egter 'n sonde in die openbaar gedoen het, kan die vermaning van die persoon ook in die openbaar plaasvind. Ananias en Saffira wou met hulle bedrog openbare aansien verwerf. Aangesien die sonde openbaar is, het Petrus die vermaning ook in die openbaar gedoen. Vir Ananias sou dit beslis 'n groot skok gewees het om die woorde van Petrus te hoor terwyl hy verering en aanprysing van die apostels verwag het.

Met die eerste twee vrae in vers 4: *As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie?* en: *En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie?* maak Petrus dit duidelik dat Ananias volle gesag gehad het oor die eiendom. Voor die verkoop daarvan was dit **ten volle Ananias se besitting**. Nadat dit verkoop is, was die opbrengs van die verkope ten volle die eiendom van Ananias. Van die kerk se kant af was daar op Ananias geensins die verpligting om die eiendom te verkoop en die geld na die apostels te bring nie. Met die twee vrae maak die Here dit self ook duidelik dat Hy nie van die gelowiges verwag om geheel en al van alle persoonlike besittings ontslae te raak nie.

Die implikasie van hierdie twee vrae verwerp die gedagte dat daar in die kerk van Jerusalem 'n soort van kommunistiese stelsel ontstaan het. Privaat besit is nooit deur die apostels verbied nie. Die verkoop van besittings deur gelowiges en die bring van die geld na die apostels om uit te deel aan die wat nood het, was geheel en al die persoonlike besluit van gelowiges. Elke gelowige moet homself aan die leiding van die Heilige Gees onderwerp. Ananias het hom egter nie aan die Heilige Gees se leiding onderwerp nie, maar aan die verleiding van die Satan.

Uit die woorde van Petrus word twee dinge aangaande die **Heilige Gees** vir ons duidelik. In die eerste plek is dit duidelik dat die Heilige Gees 'n Persoon is en nie maar net 'n krag of hoogstens die krag van God nie, soos sommige mense van die Heilige Gees dink. Ananias het vir die Heilige Gees gelieg. 'n Mens kan net vir 'n persoon lieg en nie vir 'n krag nie. In die tweede plek is dit duidelik dat die Heilige Gees ook God is. Ananias het nie vir mense – die kerk of die apostels gelieg nie – maar vir God self.

Petrus se vermaning van Ananias lê ook die mens se eie verantwoordelikheid bloot wanneer dit by die doen van sonde kom. Dit is inderdaad so dat die Satan Ananias verlei het deur aan te hak by sy natuurlike begeerte na besittings en geld. Die Satan het sy hart vervul met die een sondige gedagte na die ander. Dit het begin met die soek na eie eer en aansien tussen die gelowiges. Daarom wou hy soos Barnabas

ook die opbrengs van die eiendom aan die apostels openlik bring. Hierdie gedagte het gelei tot die volgende – om nie al die geld van die verkope na die apostels te bring nie maar tog die indruk te skep dat dit die volle bedrag is. Die Satan het slegs die verleiding tot die gedagtes gegee.

Die oorweging van hierdie gedagtes was Ananias se eie werk. Uiteindelik is dit Ananias self wat die voorneme gemaak het om met hierdie bedrog voort te gaan en dit ook nog met sy vrou ooreen te kom. Die Satan het net Ananias se hart gevul met die verleiding. Die voorneme en die uitvoer van die bedrog is **Ananias se eie werk**. Die Satan verlei tot sonde, maar hy kan nie die mens se sonde vir hom doen nie.

9. Hoe het dit gekom dat Ananias gesterf het? (vers 5)

10. Waarom is Ananias dadelik met die oordeel getref? (vers 5)

11. Waarom is Ananias dadelik begrawe? (vers 6)

Alhoewel Lukas 'n mediese dokter was, gee hy geen verklaring of verduideliking vir die skielike dood van Ananias nie. Enige poging om nou te sê wat die fisiese oorsaak van Ananias se dood is, gaan blote spekulasie wees. Uit die beskrywing volgens Lukas is dit duidelik dat Petrus niks met die dood van Ananias te doen het nie. Petrus het Ananias slegs op grond van die insig deur die Heilige Gees gekonfronteer oor sy sonde. Petrus het net die vrae gevra, sodat Ananias sy skuld kon bely teenoor die Here en teenoor die kerk.

Toe die sonde vir Ananias self ontbloot is, het **God hom met die oordeel getref** en hy het onmiddellik neergeval en gesterf. Die apostel en die kerk oordeel niemand tot die dood nie. Dit doen God alleen. Die woord wat ons hier vertaal met *gesterf* kan ook vertaal word met *laaste asem uitblaas*. Hierdie Griekse woord word net hier in die Nuwe Testament gebruik en maak dit duidelik dat God die mens met sy oordeel tref (Hand 5:10; 12:23; vgl. Rig 4:21).

Hoewel Ananias nie geleentheid gehad het om sy skuld te bely nie, het hy wel die tyd gehad om te besef dat hy vir sy bedrog voor God verantwoordbaar staan. Hy het

ook besef dat 'n mens nie sonde vir die Here kan wegsteek nie. Hy sien dwarsdeur 'n mens. **God is aan geen mens tyd verskuldig** om ook nog om vergifnis te smeek nie. Ananias het gekry wat sy sonde verdien het – die loon van die sonde is die dood (Rom 6:23). Dat God nie nou ook so met elke sondaar handel nie, is 'n groter wonder as wat met Ananias gebeur het. Na aanleiding van die Here se hantering van Ananias moet 'n mens besef dat 'n mens nie maar kan aanneem dat 'n mens die tyd sal hê om te bely en om vergifnis te smeek nie.

Daarom moet 'n mens waak teen die verleidings wat 'n mens se pad kruis. Indien jy dan tog vir die verleiding geval het en sonde gedoen het, moet jy dit bely en om vergifnis smeek sodra jy deur die Heilige Gees tot die besef van jou sonde gebring is. 'n Mens moenie uitstel nie. As die Here 'n mens nie dadelik met die oordeel tref nie, is dit bloot genade en nie omdat Hy tyd aan die sondaar moet gee nie.

Telkens wanneer die Here 'n nuwe fase met sy mense begin en daar kom 'n sonde onder die gelowiges, tree Hy so drasties en dadelik op teen die sonde (vgl. Agan, Nadab en Abihu, Ananias en Saffira). Daarmee wil Hy aan die gelowiges duidelik maak dat daar nie met die sonde gespeel kan word nie. Daarom lees ons dat daar groot vrees op almal gekom het by die dood van Ananias en weer by die dood van Saffira.

In die tyd van die Nuwe Testament was dit **gebruiklik om die begrafnis kort na die dood van die persoon te doen**. Die algehele omstandighede van daardie tyd het so 'n spoedige begrafnis genoodsaak.

12. Waarvan het Saffira niks geweet nie? (vers 7)
13. Was dit Petrus se bedoeling om Saffira uit te vang of om haar tot skuldbelydenis te bring? (vers 8)

Sedert die dood van Ananias het daar drie ure verloop voordat Saffira by Petrus opdaag. Daar word geen rede in die Skrifgedeelte gegee waarom sy nie aanvanklik saam met Ananias die geld na die apostels gebring het. Daar word ook geen berig gegee dat iemand probeer het om aan haar die berig aangaande haar man te bring

nie. Lukas se fokus is nie op die gewoon menslike dinge nie. Hy is deur die Heilige Gees gelei om die handeling van Jesus Christus na die hemelvaart neer te skryf. Daarom berig hy dat Saffira niks van **die dood van haar man weet nie** en ook niks weet van **die gesprek tussen Petrus en Ananias** wat sy dood vooraf gegaan het nie.

Petrus se vraag is nie bedoel om 'n strik vir Saffira te stel nie. Hy het duidelik aan haar gevra of die bedrag wat Ananias gebring het die volle som is waarvoor hulle die eiendom verkoop het. Deur die vraag so te stel, gee Petrus aan Saffira die geleentheid om met die waarheid na vore te kom en haar en Ananias se **skuld voor die Here te bely**. Maar groot is die teleurstelling, want Saffira hou vol met die leuen en bedrog. Petrus het ook niks vooraf in verband met Ananias se dood aan haar gesê nie. 'n Mens moenie skuld bely uit vrees vir die straf nie, maar uit vrees vir God.

14. Wat maak Petrus in sy laaste vraag aan Saffira duidelik? (vers 9)

15. Spreek Petrus 'n oordeel oor Saffira uit met sy laaste woorde aan haar? (vers 9)

Die *waarom*-vraag wat Petrus aan Saffira vra is presies dieselfde *waarom*-vraag wat hy aan Ananias gevra het. Petrus het aan Ananias gevra waarom hy hierdie saak – die voorneme om bedrog te pleeg – in sy hart voorgeneem en uiteindelik uitgevoer het deur vir God te lieg. In sy *waarom*-vraag aan Saffira, sê Petrus vir haar dat sy en haar man die Heilige Gees **versoek** het. Met hierdie vraag word 'n ander skakering van Saffira en Ananias se sonde bloot gelê. Met hulle bedrog het hulle die Here getoets om te sien hoe lank dit gaan neem voordat hulle uitgevang word.

Petrus het met sy laaste woorde aan Saffira **nie 'n oordeel uitgespreek nie**. Op grond van dit wat hy gesien het die Here met Ananias drie ure te vore gedoen het, het hy bloot 'n stelling gemaak – vir haar gesê wat die Here met haar gaan doen. Die oortuiging dat daar met Saffira dieselfde gaan gebeur as met haar man het van die Heilige Gees gekom – direk en deur middel van die Woord. Man en vrou is in die huwelik een. Ananias en Saffira was ongelukkig een in die verkeerde saak, naamlik

een in die sonde teen die Here. Daarom was Petrus ook oortuig dat met haar presies dieselfde gaan gebeur as met haar man en hy het dit vir haar gesê – die jongmanne gaan haar ook uitdra soos wat hulle haar man uitgedra het. Dit is eers nou wat Petrus vir haar sê wat met haar man gebeur het.

16. Hoe het dit gekom dat Saffira gesterf het? (vers 10)

17. Waarom het daar groot vrees oor die hele gemeente gekom? (vers 11)

Soos met Ananias se dood is dit onnodig om fisiese redes te soek waarom Saffira gesterf het. Wat wel duidelik is, is dat die Here haar met presies **dieselfde oordeel tref** as wat Hy haar man getref het. Hulle het presies dieselfde misdaad teen die Here en sy gemeente gepleeg.

Deur hierdie onmiddellike oordeel oor die sonde wat sy kop in die gemeente uitgesteek het, het die Here dit aan die gelowiges duidelik dat Hy nie die sonde duld nie. Geloof in Jesus Christus en die regverdiging wat 'n gelowige deur die geloof ontvang, is geensins 'n vrypas om sonde te doen nie. Jesus oordeel die sonde op dieselfde wyse as sy Vader. Daarom het daar groot **ontslag** in die gemeente gekom vir die Here oor die Here se optrede. Die Here is werklik vrygewig deurdat Hy sy gemeente behoorlik waarsku oor die sonde in hulle midde. Hy is genadig – Hy gaan ook nie toelaat dat die aanslag wat van binne op die gemeente gerig word die gemeente wat Hy duur gekoop het vernietig en Hom oneer bring nie.

1.2 Samevatting

Met hierdie hartseer episode in die geskiedenis van die kerk in die Nuwe Testament maak die Here dit duidelik dat Hy nie die sonde van sy kerk verdoesel nie. Hy laat ons nie net die mooi van die kerk in die Nuwe Testament raaksien nie. Hy wys ook die blou kolle en kneusplekke.

In hierdie gedeelte maak die Here drie dinge aan ons duidelik. Deur voor te gee wat 'n mens nie is nie – Ananias en Saffira wou deur hulle optrede voorgee dat hulle net soos Barnabas egte besorgdheid het vir die kerk van die Here – is nie sommer iets

wat oorgesien kan word nie. Dit is leuen teenoor die Here en misleiding van die kerk van die Here.

Hierdie episode leer ons ook hoe belangrik dit is om 'n skoon gewete voor die Here te hê. 'n Gelowige se lewe behoort oop en deursigtig te wees. Daar moet niks wees wat hy vir mense en vir God wil wegsteek nie. Gelowiges behoort dus onberispelik te lewe.

In die derde plek word ons ook deur die Here se optrede geleer hoe noodsaaklik Christelike tug is. Die sonde mag nie maar ter wille van vrede en liefde oorgesien word nie. Daar moet ook nie vernietigend opgetree word met die eerste hoor en sien van die misdaad nie. Daarom het Jesus die weg van Matteus 18 aan ons geleer en het die Heilige Gees die kerk gelei om in die kerkorde 'n ordelike en liefdevolle reëling rondom tug gegee.

2. Handeling 5:12-16 – Die voortgang van die Here se werk in die gemeente
12 En deur die hande van die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind; en hulle was almal eendragtig saam in die pilaargang van Salomo. 13 En daar was niemand van die ander wat dit gewaag het om hom by hulle te voeg nie, maar die volk het hulle baie geëer. 14 En daar is meer en meer gelowiges in die Here bygevoeg, menigtes van manne sowel as vroue, 15 sodat hulle die siekes op die strate uitgedra en op bedde en draagbare gelê het, met die bedoeling dat, as Petrus kom, al was dit net sy skaduwee op iemand van hulle sou val. 16 En die menigte van die stede in die omtrek het ook in Jerusalem bymekaargekom en siekes gebring en mense wat deur onreine geeste gekwel was; en hulle is almal genees.

2.1 Vrae by Handeling 5:12-16

1. Waarom skryf Lukas van die tekens en wonders wat plaasgevind het? (vers 12)
2. Waarom het die tekens en wonders *deur die hande van die apostels* plaasgevind? (vers 12)
3. Wat kan ons aflei oor die vergaderplek van die gelowiges? (vers 12)

In verse 12 tot 16 gee Lukas weer 'n opsomming van die werksaamhede en toestand van die gelowiges, soos wat hy gedoen het na die uitstorting van die Heilige Gees (Hand 2:42-47) en nadat Petrus en Johannes deur die Raad vrygelaat is (Hand 4:32-35). Daar het nou weer iets ingrypends gebeur – Ananias en Saffira is deur die Here veroordeel oor hulle bedrog – en Lukas skryf hoe dit met die gemeente daarna gaan.

Die eerste saak wat Lukas opmerk oor die omstandighede van die gelowiges is die tekens en wonders wat plaasgevind het. In Handeling 2:43 het Lukas ook geskryf dat daar baie wonders en tekens deur die apostels plaasgevind het. Maar wat hierdie vermelding van die tekens en wonders besonders maak, is die feit dat hier die gebeure nog na die vrylating van Petrus en Johannes beskryf net voordat hulle en die ander apostels gevange geneem word (Hand 5:17 e.v.). Nadat Petrus en Johannes die vorige keer vrygelaat is, het die gelowiges in gebed verenig toe hulle van die dreigemente van die Raad gehoor het. En hulle het spesifiek gebid: **En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid u woord te spreek, deurdadig dat U u hand uitstrek tot genesing, en tekens en wonders deur die Naam van u heilige Kind Jesus plaasvind** (Handeling 4:29-30 AFR53). Wanneer Lukas dan hier vermeld van die tekens en wonders wys die Heilige Gees daarop dat God die gebed van die gelowiges **verhoor het**.

Jesus Christus is die eintlike Doener van die tekens en wonders. Hy het egter gekies om hierdie tekens en wonders deur middel van spesifieke mense te doen, naamlik die apostels. So word dit in Handeling 2:43 gesê en nou weer hier. Dat die tekens en wonders **deur die hande van die apostels** plaasgevind het, berus alleen op die besluit van die Here Jesus self. Met die tekens en wonders het Jesus self die verkondiging van die apostels bevestig as die waarheid.

Wanneer Lukas skryf dat hulle almal eendragtig saam was, bedoel hy die gelowiges ingeheel en nie net die apostels nie. Maar nou is dit interessant om op te merk waar hulle nou eendragtig saam was – **in die pilaargang van Salomo**. Vroeër het die

gelowiges ook eendragtig volhard in die tempel (Hand 2:46), maar dit blyk dat die pilaargang van Salomo nou die gereelde bymeakaarkomplek van die gelowiges was. Petrus se tweede verkondiging het daar plaasgevind (Hand 3:11). Dus het die gelowiges voluit gehoorsaam gebly aan die Here Jesus omdat Hy aan hulle die vrymoedigheid gegee het en hulle nie deur die dreigemente van die Raad afgeskrik is nie. In die pilaargang van Salomo het die gelowiges hulle gehoorsaamheid aan die Here openlik tentoongestel. Net soos tydens sy openbare optrede voor sy kruisiging het Jesus ook nou deur die apostels en ander gelowiges niks in die geheim gedoen nie.

4. Wie is die mense wat nie gewaag het om hulle by die gelowiges te voeg nie? (vers 13)
5. Waarom het hulle nie gewaag om hulle by die gelowiges te voeg nie? (vers 13)
6. Terwyl daar mense was wat nie gewaag het om hulle by die gelowiges te voeg nie, hoe moet ons dan verstaan dat daar meer en meer gelowiges bygevoeg is? (vers 14)

In vers 13 en 14 merk ons die gemengde reaksie op van mense teenoor die gelowiges en die evangelie. Aan die een kant is daar mense wat dit nie gewaag het om hulle by die gelowiges te voeg nie. Hierdie mense wat dit nie gewaag het om hulle by die gelowiges te voeg nie was **Jode wat nie volgelingen van Jesus was nie**.

Uit die konteks kan daar twee redes aangevoer word waarom dié mense hulle nie by die gelowiges gevoeg het nie. Aan die een kant was daar die **teenkanting van die Joodse Raad**. Baie mense weet dat Petrus en Johannes in die tempel geboue gevange geneem was en voor die Joodse Raad verskyn het. Hulle sou verseker ook gehoor het van die verbod wat die Raad op die apostels gelê het om enigiemand in die Naam van Jesus te leer. Aan die ander kant was daar die gebeure met **Ananias en Saffira** wat ook nie ongesiens verby sou gegaan het nie. Baie van die mense wat dan nie volgelingen van Jesus was nie, sou besef het dat om die kring van die gelowiges te wees 'n duur saak is – jy kan vervolgd word of selfs sterf. Alhoewel

mense dit nie sommer gewaag het om hulle by die gelowiges te voeg nie, het die volk tog hoë agting vir die volgelinge van Jesus gehad.

Mense het nie uit hulle eie hulle by die gelowiges gevoeg nie, maar **wanneer die Here aan die werk is in mense** kan hulle nie anders nie as om deel te word van die gelowiges. Die verskil tussen vers 13 en 14 is die Here wat self in mense aan die werk is. Mense kan en wil nie uit hulle eie uit deel wees van die gelowiges nie omdat hulle bang is vir die owerhede en bang is vir dit wat dit hulle gaan kos. Maar wanneer die Heilige Gees die oortuiging in mense harte werk deur die geloof, verdwyn alle vrees en is daar 'n totale oorgawe aan die Here.

Lukas meld nie meer die getalle wat by die gelowiges gevoeg is nie. Hy praat nou net van menigtes van manne sowel as vroue. Dit is die eerste keer dat Lukas uitdruklik skryf dat vroue ook gelowig geword het, alhoewel dit uit die voorafgaande afgelei kan word dat vroue deel was van die gemeente in Jerusalem van die begin af (Hand 1:14). Die Heilige Gees beklemtoon dat die dreigement van die Joodse Raad en die oordeel wat Ananias en Saffira getref het nie die groei van die gemeente enigsins gestuit het nie. Dit het wel veroorsaak dat mense nie maar net vir uiterlike voordele deel geword het van die gemeente nie.

7. Het die mense bygelowig geword oor Petrus? (vers 15)
8. Wat doen die mense van buite Jerusalem en hoe verskil dit van Jesus se opdrag aan die apostels? (vers 16, vgl. Hand 1:8)

In vers 12 het Lukas begin om te sê dat daar baie tekens en wonders deur die hande van die apostels plaasgevind het. Jesus het hierdie tekens en wonders gedoen deur die apostels om die evangelie wat hulle verkondig te bevestig. Ons moet onthou dat hierdie gebeure plaasvind in 'n nog hoofsaaklik Joodse konteks en die Jode het baie gemaak van wonders en tekens.

Uit die woorde in vers 15 lyk dit asof dit die mense is wat gelowig geword het wat hulle siekes op bedde en draagbare uitgedra het op die straat. Hulle was vas oortuig

dat Jesus inderdaad nie net verlossing vir hulle siele nie maar ook vir hulle liggame bring. Tot dusver was Petrus by twee wonders wat gebeur het self teenwoordig – die genesing van die kreupel man (Hand 3:1-10) en by die skielike dood van Ananias en Saffira as oordeel oor hulle bedrog (Hand 5:1-11). Daarom het die mense die wonders en tekens met Petrus en sy teenwoordigheid geassosieer. Tog sê die Heilige Gees dat die wonders en tekens deur die hande van die apostels plaasgevind en nie net deur die hande van Petrus nie.

Dit wil tog voorkom asof die mense 'n baie groot premie geplaas het op Petrus en sy teenwoordigheid – meer as op enige van die ander apostels. Dit is waarskynlik omdat Petrus so duidelike leidende funksie van Pinksterdag af vervul het onder die gelowiges. Gesien in hierdie lig kan 'n mens aanvaar dat daar tog 'n bietjie **bygelowigheid** by die mense teenwoordig was oor Petrus. Hier staan egter nie geskryf dat die mense gesond geword het omdat Petrus se skaduwee oor hulle gekom het nie.

Maar dan moet 'n mens ook in gedagte hou wat gebeur het met die vrou wat vir twaalf jaar aan bloedvloeïing gelei het. Sy was so vas oortuig dat sy slegs deur aan Jesus se klere te raak gesond sou word en dit het gebeur (Luk 8:44). Dit is ook moontlik dat die mense die vaste oortuiging gehad dat Jesus genesing sal gee slegs deurdat die skaduwee van Petrus op hulle val omdat die Here in besonder deur sy apostel werk.

Die nuus van die uitwerking van die evangelie van Jesus het nie in Jerusalem gebly nie. Baie van die wat gelowig geword het van Pinksterdag af wat van ander wêreld dele afkom, sou sekerlik daarvan vertel het. En wanneer daar ook nog wonders en tekens plaasvind sou die nuus net soveel vinniger versprei het. Dit het tot gevolg gehad dat baie mense van die stede in die omtrek van Jerusalem **na Jerusalem toe gekom** het en ook nog hulle siekes gebring het.

Jesus se opdrag aan die apostels was dat hulle getuies van Hom moet wees in Jerusalem en in die hele Judea en Samaria tot aan die einde van die aarde. Tot

dusver was daar nog geen getuienis dat die apostels enigsins buite Jerusalem die evangelie gaan verkondig het nie. Alles het nog net in Jerusalem gebeur.

Daar kan seker baie faktore genoem word wat gemaak het dat die apostels nog nie uit Jerusalem uit was nie. Van Pinksterdag af was daar verskeie mense van ver buite Jerusalem wat tot geloof gekom het in Jesus. Die gelowiges het nog gereeld na die tempel gegaan om te aanbid en die evangelie daar te verkondig. Lukas meld in vers 12 dat hulle eendragtig in die pilaargang van Salomo saamgekom het. En nou dat die menigte nog van buite Jerusalem die stad inkom, sou die apostels ook nog vasgehou het in die stad. Neem ook in ag hoe vinnig die die getal van die gemeente tot in die duisende gegroei het.

Al hierdie faktore in ag geneem, is egter nog nie 'n rede waarom die apostels nog nie buite Jerusalem gaan verkondig het nie. Hierdie toedrag van sake sou bly totdat die Here Jesus die apostels en die gelowiges deur middel van die vervolging uit Jerusalem uitgedwing het.

2.2 Samevatting

Hierdie verse is soos Handeling 4:32-35 'n opsomming van die genade wat die Here oor sy kerk gegee het. Handeling 4 se opsomming is geskryf na die eerste aanslag teen die getuienis aangaande Jesus van buite die gemeente deur die Joodse Raad. Hierdie opsomming is geskryf na die eerste aanslag teen die getuienis aangaande Jesus van binne die kring van die gelowiges selfs (Hand 5:1-11).

In albei hierdie opsommings wys die Heilige Gees ons daarop dat wanneer die gelowiges die Here gehoorsaam, stort Hy sy seën en genade oor hulle uit. Tog moet 'n mens nie die seën en genade sien as 'n algehele goedkeuring van die Here vir alles wat onder die gelowiges gebeur nie. Daar is opgemerk dat die apostels nog nie getuienis van Jesus gegee het buite Jerusalem soos Hy beveel het nie.

3. Handeling 5:17-42 – Die tweede vervolging deur die Joodse Raad

3.1 Handeling 5:17-28 – Die gevangening van die apostels

17 En die hoëpriester het opgestaan en almal wat saam met hom was – dit is die party van die Sadduseërs – en hulle was met nydigheid vervul, 18 en hulle het die hande aan die apostels geslaan en hulle in die openbare gevangenis gesit. 19 Maar 'n engel van die Here het in die nag die deure van die gevangenis oopgemaak en hulle uitgelei en gesê: 20 Gaan heen, staan en vertel in die tempel aan die volk al die woorde van hierdie lewe.

21 En hulle het geluister en vroeg in die môre in die tempel gegaan en begin leer.

Maar die hoëpriester en die wat saam met hom was, het gekom en die Raad en al die oudstes van die kinders van Israel bymekaargeroep; en hulle het na die gevangenis gestuur om hulle te laat haal.

22 Maar toe die dienaars daar kom, het hulle hul nie in die gevangenis gekry nie; en hulle het omgedraai en berig gebring en gesê: 23 Die gevangenis het ons in alle sekerheid toegesluit gevind, en die wagte het buite gestaan voor die deure; maar toe ons oopmaak, kry ons niemand daarbinne nie.

24 En toe die hoëpriester en die hoofman van die tempel en die owerpriesters hierdie woorde hoor, was hulle daarmee verleë wat nou hiervan sou word. 25 En daar kom een en bring aan hulle berig en sê: Kyk, die manne wat julle in die gevangenis gesit het, staan in die tempel en leer die volk.

26 Daarop gaan die hoofman met die dienaars en bring hulle, maar nie met geweld nie, uit vrees vir die volk dat hulle gestenig sou word.

3.1.1 Vrae by Handeling 5:17-26

1. Hoe verskil die Raad se gesindheid teenoor die apostels hier teenoor hulle gesindheid by die eerste gevangening van Petrus en Johannes? (vers 17, vgl. Hand 4:2)
2. Waarom verskil die gevangenis hier van die gevangenis waar Petrus en Johannes aangehou was? (vers 18, vgl. Hand 4:3)

Lukas noem uitdruklik die hoëpriester en almal wat saam met hom tot die party van die Sadduseërs behoort het. By die verklaring van Handeling 4 is daar reeds opgemerk oor die samestelling van die Joodse Raad. Die meerderheid van die

Raad het bestaan uit die Sadduseërs en die hoëpriester het ook tot hierdie deel van die Raad behoort. Die Sadduseërs het 'n hoë premie geplaas op die goeie orde by die tempel aangesien hulle in die goeie boekies van die Romeine wil bly. Hulle welvaart is afhanklik van die vrede en kalmte in Jerusalem.

Aanvanklik was die Sadduseërs **baie ontevrede** omdat Petrus en Johannes die volk geleer en in die Naam van Jesus die opstanding verkondig het. Die Joodse Raad is diegene wat goedkeuring gee wie die volk by die tempel mag leer. Die apostels het geen sodanige goedkeuring van die Sadduseërs ontvang nie. En daarby was die apostels besig om die opstanding te verkondig wat die Sadduseërs glad nie geglo het nie.

Petrus en Johannes se vroeëre gevangeneeming en verhoor voor die Raad het daarop uitgeloop dat die Raad hulle gedreig en beveel het om geheel en al glad nie verder in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie. Omdat die Raad niks meer as hierdie dreigemente en bevel kon doen nie, is Petrus en Johannes vrygelaat.

Die apostels het egter gehoorsaam gebly aan die bevel van Jesus deur sy getuies te bly in Jerusalem. Daarom het hulle met die vrymoedigheid wat die Heilige Gees aan hulle gegee het voortgegaan om die evangelie van Jesus aan die mense te verkondig en dit blyk dat die pilaargang van Salomo 'n gereelde bymekaarkomplek was waar hulle die mense geleer het (Hand 5:12). Hierdie voortgesette verkondiging van die apostels het nou gemaak dat die hoëpriester en die res van die Sadduseërs met **nydigheid** vervul was.

Afguns en jaloesie het die oorhand by die Sadduseërs gekry. Hulle kon dit nie verdra dat die verkondiging van die apostels al so 'n groot merk in Jerusalem gelaat het nie (vgl. vers 28). Daar is dus 'n afgunstigheid teenoor die apostels oor die groot aanhang wat hulle verkondiging geniet en omdat die apostels openlik die bevel van die Joodse Raad minag. As voorsitter van die Raad het die hoëpriester 'n besliste standpunt ingeneem oor die apostels en die res van sy party in die Raad met sy standpunt gelei.

Toe Petrus en Johannes gevange geneem is, is hulle in die **gevangenis** geplaas tot die volgende dag toe. Hierdie gevangenis was na alle waarskynlikheid 'n plek van aanhouding in die tempelkompleks waaroor die tempelwag gesag gevoer het.

Wanneer die Sadduseërs nou uiting gee aan hulle nydigheid word die apostels in die **openbare gevangenis** opgesluit. Die rede hiervoor is dat nie net Petrus en Johannes gevange geneem is nie maar meer van die apostels. Die plek van aanhouding by die tempelgeboue het nie die ruimte vir so baie gevangenes nie. Daarby moet 'n mens ook in gedagte hou dat die Sadduseërs hulleself bemin wil hou by die Romeinse owerhede. Deur die apostels in die gevangenis te plaas wat onder gesag staan van die Romeinse stuur die boodskap dat die Sadduseërs daadwerklike pogings aanwend om die vrede en orde in Jerusalem te handhaaf.

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">3. Wat openbaar die Here hier aangaande die engele vir ons? (vers 19)4. Waarom het die engel die apostels uit die gevangenis uitgelei? (vers 20)5. Waarna verwys die woorde <i>al die woorde van hierdie lewe</i>? (vers 20) |
|--|

In Artikel 12 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat God die engele geskep het **om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien**. In vers 19 sien ons juis dit gebeur. Die engele staan in diens van God en voer sy bevel getrou en volmaak uit. Die Here stuur self hierdie engel met die opdrag om die apostels uit die gevangenis te verlos.

Die apostels kan nie self uit die gevangenis uitkom nie. Die Here alleen kan hulle daaruit verlos en Hy doen dit deur middel van sy engel wat Hy stuur. Die engele is dus geskep om in diens van die Here te wees deur sy opdragte uit te voer en hulle is geskep om tot diens te wees van die uitverkorenes. Engele is dus beslis nie wesens wat deur die mens aanbid moet word nie. So het die engel dit ook baie duidelik aan Johannes gemaak in die boek Openbaring (Open 22:8-9).

'n Mens merk ook hier iets van 'n ironie op. Die Sadduseërs wat die grootste deel

van die Joodse Raad uitgemaak het en waarvan die hoëpriester ook deel gevorm het, het nie in die bestaan van engele geglo nie. Tog stuur die Here juis 'n engel om sy apostels uit die gevangenis te bevry tot groot verleentheid van die Joodse Raad (Hand 5:24).

Uit hierdie openbaring is dit ook duidelik dat die Here aan sy engel die vermoë gee om onsienlik by die wagte verby te gaan die deur oop te maak en die apostels uit te lei. Wagte en geslote deure is vir die Here geen hindernis nie, daarom kon sy engel in die gevangenis ingaan en die deur oopmaak sonder dat die wagte iets daarvan opgemerk het. Hierdie wonderbaarlike vrylating is die eerste van drie soortgelyke wonders van die Here. Die ander twee is Petrus se vrylating deur die engel (Hand 12:6-11) en Paulus en Silas se vrylating uit die gevangenis in Filippi (Hand 16:26-27).

Die engele het die apostels nie vrygelaat sodat hulle weer met hulle lewe gemaklik kon voortgaan nie. Die apostels het duidelik **die opdrag van die Here** uit die mond van die engel gehoor. Hulle is vrygelaat om weer na die tempel terug te keer en aan die volk al die woorde van hierdie lewe te vertel. Die apostels moet dus voortgaan met die opdrag wat hulle van Jesus ontvang het, naamlik om sy getuies te wees in Jerusalem.

Die Griekse woord *zoe* wat hier met lewe vertaal is, beteken gewoonweg lewe – om lewendig te wees. Maar in die Nuwe Testament beteken hierdie woord gewoonlik die **lewe wat die gelowige uit Christus deur die Heilige Gees ontvang**. Dit wil sê, dit is die lewe in verhouding met God omdat Christus die mens verlos het van die oordeel van God. Wanneer die apostels dus **al die woorde van hierdie lewe** moet vertel, moet hulle aan die mense die evangelie van Jesus Christus verkondig sodat die Heilige Gees hulle tot bekering en geloof in Jesus Christus kan bring.

6. Wat is opmerklik aan die apostels se optrede? (vers 21)

7. Wat is treffend aangaande die Joodse Raad se optrede? (vers 21-23)

Die apostels het **nie in stille verwondering gestaan** oor die gebeure gedurende die

nag nie. Hulle het ook nie rondgeloop en vertel van die wonder wat met hulle gebeur het asof dit iets buitengewoons is nie. Hulle het eenvoudig voortgegaan om die opdrag van Jesus (Hand 1:8) uit te voer – hulle het van Jesus getuig. Die woorde van die engel was nie 'n bevel nie, maar 'n bevestiging van die opdrag wat Jesus aan die apostels gegee het.

Ons het reeds in Handeling 3 met die genesing van die kreupel man opgemerk dat die wonders en tekens die apostels nie verbaas nie. Vir hulle is dit normaal dat daar wonders en tekens kan plaasvind waar Jesus Christus teenwoordig en werksaam is.

Op die manier waarop Lukas die gebeure vroeg die volgende oggend beskryf, lyk dit ook asof die volk nie verwonderd is oor die wonder wat gebeur het nie. Baie van die mense wat op hierdie oggend by die tempel was, het gesien of weet dat die apostels die vorige dag deur die tempelwag in hegtenis geneem is en dat hulle in die openbare gevangenis toegesluit was. Dit klink asof die volk ook die gebeur van wonders en tekens as normaal begin beskou wanneer dit kom by Jesus en sy apostels.

Met die woord **maar** in vers 21 druk Lukas die kontras tussen die apostels en die Joodse Raad uit. Die Joodse Raad verkeer onder die indruk dat hulle die oorhand oor die apostels en hulle leer gekry het deur hulle die vorige dag met groot gedoen gevange geneem en in die openbare gevangenis toegesluit het. Die Joodse Raad het dieselfde oggend in Jerusalem bymekaar gekom en met selftevredenheid mense gestuur om die apostels by die gevangenis te gaan haal sodat hulle verhoor kan word.

Diegene wat die apostels by die gevangenis moes gaan haal het, het dit ook met selftevredenheid gedoen. Die apostels is immers in die openbare gevangenis toegesluit waar wagte van die Romeinse owerheid verantwoordelik is vir die veilige bewaring van die gevangenes. Maar dan die teleurstelling – die apostels is nie in die gevangenis nie.

En in die berig wat die dienaars terugbring na die Joodse Raad sê hulle inderwaarheid dat daar iets bonatuurliks moes gebeur het. Die deure van die gevangenis was toegesluit soos wat dit hoort toe hulle daar gekom het. Die wagte by die gevangenis was op hulle poste soos wat dit hoort toe hulle daar gekom het. Maar die apostels was nie in die gevangenis waar hulle die vorige dag toegesluit was nie. Dat hier ook 'n kenlike wonder plaasgevind het, word nie eers deur die dienaars of die Joodse Raad oorweeg nie. Of miskien het hulle stilletjies besef maar was nie bereid om hardop te erken dat hier 'n wonder gebeur het nie. Wie homself blind wil hou vir die werk van die Here sal nie die werk van die Here kan raaksien nie. Dit is duidelik dat die haat en afguns teenoor die apostels en die Here Jesus die leiers van die volk van hulle sinne beroof het.

- | |
|--|
| <p>8. Hoekom was die Joodse Raad verleë toe hulle die berig gekry het? (vers 24-25)</p> <p>9. Wat word beklemtoon aangaande die leiers se ingesteldheid? (vers 26, vgl. Hand 4:21)</p> |
|--|

Die hoëpriester en al die Sadduseërs het hulle invloed en mag gebruik om die apostels gevange te neem en hulle nog boonop in die openbare gevangenis toegesluit. Hulle het werklik begin om alles wat hulle tot hulle beskikking het – hulle eie gesag as Joodse Raad sowel as die Romeinse owerheid se mag – te gebruik om 'n einde te bring aan die verspreiding van die evangelie deur die apostels. Selftevrede het hulle 'n dienaar gestuur om die apostels uit die gevangenis te gaan haal, maar hulle is nie meer daar nie.

Oor die berig van die apostels se verdwyning het die leiers verleë geraak. Niemand moes in staat wees om uit hulle greep los te kom nie. Daarvoor het hulle dan alles in hulle vermoë gedoen. Die leiers was verleë, **want hier het nou weer iets wonderbaarliks gebeur** – die apostels is uit die gevangenis sonder dat enigiemand daarvan bewus geraak het. Hierdie nuus moet hoegenaamd nie by die volk uitkom nie, want baie het die eerste wonder met die kreupel man gesien gebeur.

Die leiers se verleentheid het waarskynlik ook daartoe aanleiding gegee dat hulle

stilletjies na die apostels begin soek het. Dit mag ook wees dat hulle verleentheid groter geword het toe iemand aan hulle kom vertel dat die apostels openlik in die tempel staan en die mense leer. Hoe dit ook al sy, hulle sou so gou as moontlik wil ontslae raak van hulle verleentheid. Daarom moet die apostels dadelik weer in hegtenis geneem word, sodat so min as moontlik te wete kom van die wonderbaarlike verlossing uit die gevangenis.

Die hoofman van die tempelwag het saam met die dienaars na die tempel gegaan om die apostels weer te arresteer. Maar om te keer dat enigiemand enigsins die leiers se verleentheid agterkom, het hulle die apostels sonder geweld weggeneem. Die leiers se hartsgesindheid word beklemtoon wanneer Lukas skryf dat die leiers bevrees was dat die volk hulle sou stenig indien hulle geweld sou gebruik.

Dit is nou al die tweede keer dat die leiers eerder die volk se gevoelens oor hulle optrede in ag neem. Die Sadduseërs sal uit die aard van hulle gesindheid jeens die Romeinse owerhede en ter wille van die beskerming van hulle eie koninkryk enige oproer van die volk wou verhinder. Dit word nogeens duidelik dat die leiers **meer vrees het vir die volk as vir God**. Dit gaan dus nie vir hulle werklik oor wat reg is in God se oë soos wat hulle voorgee om te doen as leiers nie. Vir hulle gaan dit oor hulleself.

3.1.2 Samevatting

Van die Joodse Raad se kant het die ontevredenheid oor die apostels en hulle verkondig nou aangegroei tot nydigheid. Die Joodse Raad – veral die Sadduseërs – wil 'n einde bring aan die apostels en hulle verkondiging.

Die Here gebruik juis hierdie optrede van die Raad om hulle eie magteloosheid teenoor Hom ten toon te stel. Alhoewel die Raad die apostels verbied het om in die Naam van Jesus te leer en alhoewel die apostels in die gevangenis gesit is, keer niks die Here nie. Hy bevry sy apostels en bevestig weer sy opdrag aan hulle om getuies van Jesus te wees. Die Raad is inderwaarheid met rooi gesigte, maar weier om te erken dat die Here deur en met sy apostels aan die werk is.

3.2 Handeling 5:27-42 – Die verhoor en straf van die apostels

27 Hulle het hul dan gebring en voor die Raad gestel; en die hoëpriester het hulle gevra en gesê: **28** Het ons julle nie uitdruklik verbied om in dié Naam te leer nie? En kyk, julle het Jerusalem met julle leer vervul; en julle wil die bloed van hierdie Man op ons bring.

29 En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense. **30** Die God van ons vaders het Jesus opgewek, wat julle omgebring het deur Hom aan 'n kruishout te hang. **31** Hom het God as Leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk. **32** En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is.

33 Toe hulle dit hoor, was hulle woedend en wou hulle om die lewe bring. **34** Maar 'n Fariseër met die naam van Gamáliël, 'n leraar van die wet wat by die hele volk hoog in aansien was, het in die Raad opgestaan en bevel gegee dat hulle die apostels 'n bietjie buitentoe moes bring. **35** Toe sê hy vir hulle: Israeliete, pas op wat julle gaan doen met hierdie manne; **36** want nie lank gelede nie het Theudas opgestaan en gesê dat hy iets besonder was. By hom het 'n aantal mense – omtrent vier honderd – aangesluit. Hy is gedood, en almal wat na hom geluister het, is uitmekaargejaag en het tot niet geword. **37** En ná hom het Judas, die Galileër, opgestaan, in die dae van die inskrywing, en 'n aansienlike getal mense afvallig gemaak agter hom aan. Hy het ook omgekom, en almal wat na hom geluister het, is verstrooi. **38** En nou sê ek vir julle, bly af van hierdie manne en laat hulle staan; want as hierdie voorneme of hierdie werk uit mense is, sal dit vernietig word; **39** maar as dit uit God is, kan julle dit nie vernietig nie – dat dit nie miskien bevind word dat julle selfs teen God stry nie.

40 En hulle het na hom geluister. En nadat hulle die apostels ingeroep het, het hulle hul laat slaan en hulle bevel gegee om nie in die Naam van Jesus te spreek nie en hulle laat gaan.

41 Hulle het toe van die Raad af weggegaan, bly dat hulle waardig geag was

om vir sy Naam oneer te ly. 42 En hulle het nie opgehou om elke dag in die tempel en van huis tot huis te leer nie, en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is.

3.2.1 Vrae by Handeling 5:27-42

1. Wat kan 'n mens aflei oor die apostels se gesindheid tydens hierdie arrestasie? (vers 27)
2. Na watter verbod verwys die hoëpriester? (vers 28)
3. Wat kan 'n mens aflei van die apostels se verkondigingswyse uit die beskuldiging van die hoëpriester? (vers 28)
4. Wat is die gesindheid van die Joodse Raad teenoor Jesus? (vers 28)
5. Wanneer het die apostels die Joodse Raad van Jesus se dood beskuldig? (vers 28)

Alhoewel die hoofman van die tempelwag en sy dienaars die apostels nie met geweld gevange geneem het nie, het die apostels hulle ook nie verset teen die arrestasie nie. Hulle het hulleself **onder die gesag** van die hoofman gestel, aangesien die hoofman en die Joodse Raad steeds die gesagsdraers by die tempel is.

Hierdie gesindheid van die apostels was nie te wyte aan vrees vir die Joodse Raad nie, maar uit eerbied. Tog het die apostels geweet dat die Joodse Raad nie gesag bo God het nie. Daarby het die apostels ook waarskynlik nog 'n geleentheid raakgesien om aan die Joodse Raad getuie te lewer aangaande Jesus en so hulle opdrag van Jesus vervul.

Die hoëpriester herinner die apostels aan die **verbod** wat die Joodse Raad aan Petrus en Johannes gegee het (Hand 4:18) toe die hulle die apostels verbied het hoegenaamd nie in die Naam van Jesus te leer of te spreek nie. Die verbod wat die Joodse Raad op die apostels se verkondiging geplaas het, was die ergste straf wat hulle toe kon toedien, aangesien die apostels geen wet oortree het nie.

Petrus en Johannes het die Joodse Raad toe al daarop gewys dat die apostels eerder aan God gehoorsaam moet wees as aan hulle. In die verwysing na die verbod maak die hoëpriester die Joodse Raad se siening in verband met hulleself duidelik teenoor die apostels – die Joodse Raad se woord het hoër gesag as die Woord van die Here. Die Joodse Raad verhef hulleself dus bo God en sy bevel.

Die feit dat die hoëpriester opmerk dat Jerusalem gevul is met die leer van die apostels, sê dat die apostels hulle werklik die gesteur het aan die verbod van die Joodse Raad nie. Met die vrymoedigheid wat die Here aan die gelowiges gegee het, het die apostels met **groter ywer** voortgegaan om getuies van Jesus Christus te wees in Jerusalem. Hierdie opmerking van die hoëpriester kan ook as 'n bemoediging vir die gelowiges dien – selfs die vyande van Jesus en sy kerk merk die verskil op wat die geloof in Jesus Christus in die stad veroorsaak.

Die Joodse Raad se veragting van Jesus het nog geensins versag nie. Hulle het so **'n weersin in Jesus** en sy leer dat die hoëpriester nie eers kans sien om sy Naam te noem nie, maar net van Hom te praat as *die Man*.

Elke keer wat die apostels Jesus aan die Jode verkondig het, het hulle die Jode op hulle skuld aan Jesus se dood gewys. In die verkondiging op Pinksterdag het Petrus sydelings na die Joodse leiers verwys toe hy gepraat het van *die hande van goddelose manne* (Hand 2:23). In die verkondiging na die genesing van die kreupel man het Petrus en Johannes meer direk na die Joodse leiers verwys toe hulle gesê het die Jode net soos hulle owerstes in onwetendheid met Jesus gehandel het (Hand 3:17).

Tydens Petrus en Johannes se verhoor oor die genesing van die kreupel man het die apostels direk vir die Joodse leiers gesê dat hulle Jesus gekruisig het (Hand 4:10). Die apostels het dus geen geheim gemaak van hulle beskuldiging teen die Joodse leiers nie. Hulle het **tydens elke verkondiging** na die skuld van die Joodse leiers verwys.

Die uitwys van die skuld het telkens daartoe gelei dat die volk gevra het wat hulle moet doen om reg te maak wat hulle gesondig het. Die beskuldiging het dus elke keer gedien om die Jode tot bekering te roep. By die volk het die beskuldiging dan inderdaad hierdie uitwerking gehad op Pinksterdag en tydens die verkondiging na die genesing van die kreupel man. Die Joodse leiers se harte blyk in hierdie stadium so verhard te wees dat hulle alleenlik die beskuldiging hoor en nie die genade van die oproep tot bekering nie. Boonop blyk dit asof die Joodse leiers ietwat aan geheueverlies ly. Tydens die verhoor van Jesus voor Pilatus, net voor die uitspraak, het Pilatus nogeens gepoog om Jesus vrygelaat te kry, maar die Jode het geweier. Hulle het uitgeroep dat Jesus se bloed op hulle en hulle kinders kan kom (Matt 27:25). Dit is deur die volk uitgeroep nadat die owerstes en ouderlinge die volk oorgehaal het om Barabbas bo Jesus te verkies (Matt 27:20).

6. Hoe beantwoord Petrus die Joodse Raad se vraag en verwyf? (vers 29)
7. Wat doen Petrus omtrent die Joodse Raad se verontskuldiging? (vers 30)
8. Waarom het God vir Jesus aan Israel geskenk? (vers 31)
9. Waarom is die apostels se getuienis so kragtig? (vers 32)

Dit is duidelik dat die Joodse Raad hierdie keer hulle net weier gespan het om die apostels in die hande te kry. Dit is nie net Petrus en Johannes wat gevange geneem is soos die vorige keer nie. Dit is Petrus en die apostels wat tans voor die Raad verskyn.

Die Raad het aan die apostels gevra: **Het ons julle nie uitdruklik verbied om in dié Naam te leer nie?** en hulle ook verwyf dat die hele Jerusalem gevul is met hulle leer aangaande Jesus. Petrus se antwoord is 'n herhaling van dit wat hy en Johannes reeds aan die Raad gesê het tydens hulle eerste verhoor. Hulle as apostels moet aan God meer gehoorsaam wees as aan mense. By die apostels is daar geen twyfel nie dat die bevel van Jesus by verre meer gewig dra as die bevel van die Joodse Raad.

Die Raad het hulleself probeer veronskuldig deur te sê dat die apostels hulle

verkwalik oor die dood van Jesus. Op hierdie **verontskuldiging** herhaal Petrus wat hy en Johannes reeds aan hulle gesê het. Hierdie keer begin Petrus egter met die waarheid waarmee die Sadduseërs moeite het. Hy stel dit duidelik dat God Jesus uit die dood opgewek het. En sodat daar geen misverstand is nie, stel hy dit is die God van ons vaders – die God wat Homself aan Abraham, Isak en Jakob geopenbaar het.

Met die volgende deel van die antwoord verwerp Petrus die verontskuldiging en stel dit onomwonde dat die Joodse Raad 'n besliste rol gehad het in die dood van Jesus. Petrus noem weer op watter wyse hulle Jesus omgebring het. Hierdie keer gebruik hy nie weer die werkwoord *gekruisig* soos in twee van die vorige verkondigings nie (Hand 2:36; 4:10). Deur te sê dat Jesus aan 'n *kruishout opgehang* is, maak Petrus vir hierdie skrifkenners die verbintenis tussen die Ou Testament en die gebeure tydens Jesus se dood. Petrus maak nie 'n aanhaling uit die Skrif nie, maar die Joodse Raad sou duidelik die verband met Deuteronomium 21:22-23 opgemerk het. Met hierdie verwysing dui Petrus aan met hoeveel veragting die Joodse Raad vir Jesus behandel het. In hulle oë was Hy deur God vervloek.

Verder verkondig Petrus **waarom** God vir Jesus aan Israel geskenk het. Jesus is as Leidsman en Verlosser deur God verhoog. Met hierdie woord *verhoog* word daar verwys na Jesus se opstanding uit die dood en uiteindelijke verheffing tot in die hemel aan die regterhand van God. Dit is juis deur hierdie verhoging wat die Heilige Gees Jesus bevestig as die Leidsman en Verlosser (vgl. Rom 1:5).

God het Jesus sodanig verhoog om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk. Petrus bevestig in ander woorde wat hy die vorige keer ook aan die Raad verkondig het – Jesus is die enigste Verlosser en Saligmaker.

Die apostels is getuies dat Jesus die Leidsman en Verlosser is deur wie bekering en vergifnis van sondes by God moontlik is. Op 'n ander wyse sê Petrus weer dat hulle oor en ooggetuies is van Jesus Christus (vgl. Hand 4:20). Hulle kan nie anders nie

as om te getuig van die verlossing wat alleen deur Christus moontlik is.

Die Heilige Gees is saam met die apostel getuie aangaande Jesus. Dit is immers die Heilige Gees wat die apostels herinner aan alles wat Jesus gedoen en geleer het (Joh 14:26). Dit is ook die Heilige Gees wat deur die opstanding van Jesus bevestig dat Hy die Christus is (Rom 1:5). Dit is dus as gevolg van die Heilige Gees se werk in die apostels en die Heilige Gees se eie getuienis dat die apostels se getuienis **so kragtig** kan wees. Hulle wat die Here gehoorsaam en in die Seun van God glo, ontvang die Heilige Gees.

Uit die hele antwoord van Petrus word dit weereens duidelik dat die apostels hulleself nie verdedig nie, maar enkel en alleen getuienis gee van wie Jesus Christus is en waarvoor Hy na die wêreld toe gekom het. Met hierdie kragtige getuienis wat die apostels gee, is hulle oogmerk om ook hierdie Joodse leiers tot bekering en geloof in Jesus Christus op te roep. Hy het die skuld van die manne weer genoem – hulle het Jesus gekruisig. Hy het Christus se dood en opstanding aan hulle verkondig. Uiteindelik noem hy ook die verantwoordelikheid wat nou op hulle rus – bekering en geloof.

10. Waarom was die Joodse Raad so woedend? (vers 33)

11. Waarom wou die Joodse Raad hulle doodmaak? (vers 33)

Petrus het weer aan die Joodse Raad verkondig wie Jesus werklik is en waarvoor Hy na hierdie wêreld gekom het. Vir 'n tweede keer het Petrus dit duidelik gemaak dat die apostels onder die gesag van die Here staan om sy bevel uit te voer en nie die van die Joodse Raad. Hy het weer gesê dat die Joodse Raad 'n aandeel aan Jesus se dood het. Maar die enigste weg tot vergifnis is deur bekering en geloof in Jesus, want dit is hoekom Hy aan die kruis gesterf het.

Die Joodse Raad het Petrus en die ander apostels herken as eenvoudige en ongeleerde manne en dat hulle volgelingen van Jesus is. Vir die Joodse Raad wat tog bekend staan as manne wat die Skrif ken, was dit te erg om deur sulke

ongeleerde manne tereg gewys te word. Buitendien het hulle hulleself ook nog bokant die nood van gewone mense beskou wat vergifnis nodig het. Hulle tree tog op in belang van die volk, so het hulle gedink – daarom het hulle van Jesus vroeër ontslae geraak (Joh 18:14). Die apostels is besig om alles wat hulle doen te dwarsboom, daarom het hulle **woedend** geword. Maar hierdie woede is inderwaarheid die stuiptrekking van magteloosheid teen die waarheid van die Here.

Hulle **magteloosheid en verblindende woede** bring hulle by die ondeurdagte idee om die apostels dood te maak. Hulle sien geen wettige manier raak om die apostels stil te kry nie. Indien daar nie iets wettigs is nie, bly daar vir hulle net oor om enigiets te doen wat hierdie apostels stil sal maak, selfs al beteken dit die apostels moet sterf. Met so 'n blinde woede sal die Joodse Raad veroorsaak wat hulle juis ten alle koste wil verhoed – dit is dat die Romeinse owerhede ingryp.

12. Wie was Gamaliël en wat het hom so belangrik gemaak dat die Joodse Raad na hom geluister het? (vers 34)
13. Watter advies het Gamaliël aan die Joodse Raad gegee? (vers 35-37)
14. Waarteen het Gamaliël die Joodse Raad gewaarsku? (vers 38-39)

Gamaliël het tot die party van die Fariseërs behoort wat in die minderheid was in die Joodse Raad. Die ander party in die Joodse Raad was die Sadduseërs. Die Sadduseërs het ons al vroeër opgemerk, was meer aristokraties en baie meer polities ingestel. Hulle was daarop uit om bevriend te bly met die Romeinse owerheid ter wille van hulle eie welvaart. Godsdienstig was hulle egter vrysinnig, aangesien hulle nie geglo het dat daar 'n opstanding is nie en hulle het ook nie geglo in die bestaan van engele en bese geeste nie.

Die Fariseërs aan die ander kant was polities nasionalisties ingestel. Hulle het 'n Messias verwag – natuurlik een wat hulle van die Romeinse oorheersing sou bevry. Godsdienstig was die Fariseërs bekend vir hulle wetsgeleerdheid. Hulle het wel geglo dat daar 'n opstanding uit die dood is en ook geglo dat engele en bese geeste bestaan.

Onder die Fariseërs was daar twee skole van denke. Gamaliël het tot die skool van Hillel behoort wat beskou is as 'n skool wat minder eng is. Uit verskeie bronne word Gamaliël die kleinseun van Hillel genoem. Onder die algemene bevolking van Jode het Gamaliël hoë aansien geniet. Hy het die naam *Rabban* gekry wat beteken *ons leermeester* terwyl ander leermeesters as *Rabbi* aangespreek is wat *my leermeester* beteken. Gamaliël is ook bekend as die leermeester by wie Paulus sy onderrig in wetsgeleerdheid ontvang het (Hand 22:3). Gamaliël was dus algemeen bekend as iemand na wie 'n mens kan luister.

Vanuit die onlangse geskiedenis **adviseer** Gamaliël die Joodse Raad om nie iets onbesonne te doen nie. Hy noem twee voorbeelde uit die verlede waar die leiers van opstandige groepe tereggestel is en daarna het die twee onderskeie bewegings 'n stadige dood gesterf. Dit is onseker wie die Theudas was na wie Gamaliël hier verwys. Die bekende historikus Josefus verwys ook na 'n Theudas wat 'n opstand gelei het, maar dit was omtrent 'n dekade na hierdie toespraak. Judas die Galileër het 'n opstand in 6 nC gelei tydens die inskrywing waarvan ons in Matteus 2 lees.

Met hierdie advies maan Gamaliël die Joodse Raad om 'n wag en sien houding in te neem. Jesus wat tog die leier was – soos die Joodse Raad self geglo het, aangesien Hy gekruisig is – is tog dood. Dit sal net 'n kwessie van tyd wees voordat hierdie beweging waarmee Hy begin het ook tot 'n einde sal kom, indien dit maar net mensewerk is. Indien hierdie beweging die handewerk van die Here self is, sal selfs nie eers die Joodse Raad dit kan keer nie.

Teenoor die Here kan 'n mens dankbaar wees ter wille van die gelowiges in Jerusalem dat Hy dit so beskik het dat Gamaliël hierdie advies aan die Joodse Raad gegee het. Dit is alleenlik die Here se genade wat die Joodse Raad in hierdie stadium daarvan weerhou het dat hulle hulle verder besondig het. Tog is dit hartseer dat selfs iemand soos Gamaliël bly glo wat hyself dink die waarheid is in plaas daarvan om te erken dat die werk werklik uit God is. Die opstanding van Jesus Christus is immers die onweerlegbare getuienis en dit is wat die apostels nog die

heelyd verkondig.

Gamaliël **waarsku** die Joodse Raad om nie hulleself skuldig te maak deur teen God self te stry nie. Dit is net mense se werk wat 'n mens met die verloop van tyd kan agterkom of dit eg en waar is. God het egter sy Woord gegee waaraan 'n mens onderleiding van die Heilige Gees kan agterkom dat sy werk waar en eg is. Die apostels het immers telkens vanuit die Skrif aangetoon wie Jesus Christus werklik is. Maar aangesien die Joodse Raad die Heilige Gees teenstaan, is dit vir hulle onmoontlik om die waarheid uit die Woord te leer ken.

15. Waarom het die Joodse Raad na Gamaliël geluister? (vers 40)

16. Waarom is die apostels geslaan? (vers 40)

Terwyl Gamaliël gepraat het, het die Joodse Raad en veral die heethoofdiges wat sommer die apostels wou doodmaak tot bedaring gekom. Gamaliël se **logika** om te wag en te sien wat van die beweging gaan word wat onder Jesus van Nasaret begin het, het die Joodse Raad oortuig om nie die apostels dood te maak nie. Die twee voorvalle van Theudas en Judas van Galilea was dus algemeen bekend by die Joodse Raad, sodat hulle oortuig kon raak van Gamaliël se advies.

In hierdie stadium is dit duidelik dat Gamaliël en die hele Joodse Raad Jesus beslis nie as die Seun van die lewende God erken nie. Anders sou hulle in Jesus geglo het op grond van die verkondiging van die apostels. In die Joodse Raad se oë is Jesus op dieselfde vlak as Theudas en Judas van Galilea – gewoon 'n oproermaker.

Dat die Joodse Raad hulle steeds nie daaraan steur of hulle teen God stry nie, word duidelik uit die vervolg van hulle optrede teenoor die apostels. Hulle bevel van vroeër aan die apostels om nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie, is nog geldig. Aangesien die apostels voortgegaan het om in die Naam van Jesus te spreek en te leer, moet die apostels 'n les geleer word. Die apostels is dus geslaan omdat hulle die bevel van die Joodse Raad **verontagsaam het**.

Die woord wat ons met *slaan* vertaal, dui daarop dat die apostels geïgnoreer is, soos wat met Jesus gebeur het onder die hande van die Romeine. Op die oog af sou die Joodse Raad dink dat die apostels lig daarvan afgekóm het. Tog moet 'n mens onthou dat die apostels elkeen nege en dertig houes ontvang het oor hulle rûe wat die vel sou stukkend maak.

Nadat die apostels geslaan, is die vroeëre bevel om nie meer in die Naam van Jesus te spreek nie bevestig. Die Joodse Raad hou dus vol om hulle gesag bo die gesag van die Here te stel.

17. Wat was die apostels se gesindheid oor die straf wat hulle ontvang het? (vers 41)

18. Wat het die apostels met die bevel van die Joodse Raad gedoen? (vers 42)

Die apostels het nie moedeloos of hopeloos van die Joodse Raad af weggegaan nie. Intendeel, hulle het met blydschap weggegaan. Die blydschap was nie oor die straf wat hulle van die Joodse Raad ontvang nie, maar **blydschap** omdat hulle waardig geag is om oneer vir die Naam van Jesus te ly. Hierdie lyding wat hulle ter wille van Jesus verduur het, was vir hulle die bewys dat hulle wel deur Jesus gered en aangestel is apostels.

In hierdie lyding sien hulle immers die vervulling van Jesus se eie woorde, soos wat dit in die Bergpredikasie gehoor is. Jesus het in die Bergpredikasie gesê: **Salig is die wat vervolgd word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolgd en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolgd wat voor julle gewees het** (Matteus 5:10-12 AFR53).

Petrus sou later in sy eerste brief ook skryf dat dit vir die Christene 'n voorreg is om ter wille van Christus te ly (1 Pet 2:18-21; 3:8-17; 4:13). Soos wat die Here Jesus onder sy vyande gely het, so sal die volgelinge van Jesus ook onder die Here se

vyande ly.

Die apostels het voortgegaan om die bevel van Jesus Christus uit te voer. Hulle het steeds in die openbaar – in die tempel – en privaat die evangelie van Jesus gespreek en geleer. Die bevel van die Joodse Raad sowel as die lyding wat hulle van die Joodse Raad verduur het, kon hulle nie ontmoedig om voort te gaan met die opdrag van Jesus Christus nie. Uit gehoorsaamheid aan die Here het hulle die bevel van die Joodse Raad **geïgnoreer**.

3.2.2 Samevatting

Die onmag van menslike gesag teenoor die gesag van God blyk reeds uit die woorde van die hoëpriester. Die Joodse Raad het die apostels verbied om in die Naam van Jesus te leer en te spreek en tog is die hele Jerusalem gevul met hulle leer.

In antwoord op die hoëpriester se vraag wend die apostels nie 'n poging aan om hulleself te verdedig nie. Hulle stel eenvoudig weer dat hulle aan God meer gehoorsaam moet wees as aan mense. En dan gaan hulle voort om weer Jesus aan die Joodse Raad te verkondig. In die verkondiging maak hulle drie dinge duidelik: God het Jesus uit die dood opgewek, Jesus is deur God verhoog tot in die hemel aan sy regterhand en Jesus Christus het die Heilige Gees gegee aan sy gehoorsame diensknegte.

By die aanhoor hiervan het die Joodse Raad se bloed so gekook dat hulle – veral die Sadduseërs – vasberade was om die apostels dood te maak. Die Here het egter beskik dat Gamaliël die Joodse Raad tot bedaring deur hulle op twee insidente uit die verlede te wys. In albei die gevalle het die volgelingen van die leiers uitmekaar gegaan nadat die twee leiers gedood is.

Met hierdie advies het Gamaliël in 'n sekere sin Jesus gelyk gestel aan twee oproermakers. Maar met Jesus wat gedood is, sal dit seker net 'n kwessie van tyd wees voordat die volgelingen van Jesus ook uitmekaar sal spat. Maar tog is hy nie

heeltemal seker nie. Daarom maan hy die Joodse Raad om nie uiteindelik teen God op te tree nie.

Die Joodse Raad het die advies aanvaar, maar wou tog nie hulle gesag oor die apostels sommer net so prysgee nie. Daarom het hulle die bevel herhaal en die apostels ook geslaan. Vir die apostels was die slae nie 'n vernedering nie, maar iets wat hulle in ere kon hou – hulle was waardig om vir die Naam van Jesus te ly. En hulle het voortgegaan met hulle gehoorsaamheid aan die Here deur die Naam van Jesus verder te verkondig.